Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf ŉ opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dit is my vrese oor die toekoms. **[50]**

1.2 Dié geheim vat ek saam met my graf toe. **[50]**

1.3 Is sport belangrik vir jou? **[50]**

1.4 Die lewe is kort en dit moet gevier word! **[50]**

1.5 Sy/hy is my grootste inspirasie. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ŉ opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet ŉ duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: www.google images.com 2020] **[50]**

1.6.2



[Bron: Google 2021] **[50]**

1.6.3




[Bron: pinterest 2021] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **E-POS**

Jy is die afgelope sewe dae afwesig. Jy stuur ŉ e-pos aan jou klasonderwyser om te verduidelik wat die rede is.

Skryf ŉ E-POS aan jou klasonderwyser(es) waarin jy hom/haar vertel waarom jy vir die afgelope sewe dae afwesig was. **[30]**

2.2 **INFORMELE VERSLAG**

Depressie onder leerders in jou skool is besig om toe te neem. Jy moet ŉ informele verslag daaroor skryf vir jou skoolkoerant.

Skryf ŉ INFORMELE VERSLAG vir jou skoolkoerant waarin jy hierdie groeiende probleem aanspreek en wat daaraan gedoen kan word. **[30]**

2.3 **AGENDA EN NOTULE**

Jy is die voorsitter van die matriekafskeidkomitee wat die skool se matriekafskeid reël. Julle hou vergadering om reëlings vir die matriekafskeid te tref.

Gebruik die agenda hieronder en skryf die NOTULE van die vergadering.

AGENDA VAN MATRIEKAFSKEIDKOMITEE GEHOU OP 1 JULIE 2021
1. Opening
2. Verwelkoming
3. Presensie
4. Sake om te bespreek:
   4.1 Datum, tyd en plek van afskeid
   4.2 Musiek
   4.3 Eetgoed
   4.4 Versiering van saal
   4.5 Afsluiting

**[30]**

2.4 **ONDERHOUD**

Een van jou gunstelingsporthelde kuier in die stad om motiveringstoesprake vir leerders te hou. Jy kry die geleentheid om ŉ onderhoud met hom/haar te voer.

Skryf die ONDERHOUD tussen jou en jou sportheld in DIALOOGVORM neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGING**

Die graad 11-ouers word genooi na 'n praatjie oor wat verwag word van hul graad 11-leerders wanneer hulle volgende jaar in matriek is.

Ontwerp 'n UITNODIGING om die ouers na hierdie praatjie uit te nooi. **[20]**

3.2 **WHATSAPP BOODSKAP**

Jy wil 'n studiegroep vir Wiskunde vorm omdat leerders met die vak sukkel. Stuur 'n WhatsApp-boodskap aan jou klasmaats en vertel hulle hiervan.

Skryf die WhatsApp-boodskap neer. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou graad 12-reis begin in graad 11. Jy wil verseker dat jy goed in jou eindeksamen vaar sodat jy in matriek kan wees. Skryf AGT (8) moets en moenies vir die voorbereiding van die eksamen neer.

Skryf die 8 moets en moenies puntsgewys neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou